



## BYBELSTUDIEGROEPE



**SONDAG 25 Maart 2012**

- ***19:00-20:00*** in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Hebreërs***.


**WOENSDAG 18 April 2012**

- ***10:00-11:00*** in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Lukas***.
- ***18:00-19:00*** in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

## SKOOLVERLATERSKAMP

Tussen 8 en 13 Julie vind die skoolverlaterskamp te Nooitgedacht plaas. Meer inligting sal later beskikbaar wees.

## ONS GAAN WILDTUIN TOE!



Die Gereformeerde Kerk Rietvallei reël 'n besoek aan die Kruger Wildtuin vir ***senior burgers*** (60 jaar en ouer) DV van Maandag 27 Augustus – Donderdag 30 Augustus 2012 in die kamp te Pretoriuskop. Die verblyf sal in 3-bed chalets wees en kos en drinkgoed sal voorsien word. Die koste is R1300 per persoon. Daar is net plek vir 25 persone.
Skakel met Ds. Werner van den Heever (082-412-1415).



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 7 | Sondag 25 Maart 2012 | Nommer 9

## GELOOF IS LEWENSAANVAARDING

Toe God Eva vir Adam gee, na haar skepping, noem Adam haar ***"vrou"*** (Gen. 2:23). Die Hebreeuse woord vir man en vrou is byna dieselfde (man = ***ish***, vrou = ***ishah***). In Genesis 3:20 verander Adam haar naam van ***ishah*** na **Eva** (Eva beteken *lewe*). In die naamsverandering het Adam die lewe aanvaar wat sopas deur God onderwerp is aan die oordeel van die dood. Toe die mens in sonde geval het, is die volmaaktheid van God se skepping verbreek. Daar kom stryd, rusie, moord, doodslag, ellende! God belowe dat Hy die lewe sal laat oorwin. Daar is nie een hoofstuk vir die **vonnis** van God en 'n ander hoofstuk vir God se **genade** nie.

- Die belofte is in die vonnis ingeweef.
- Met pyn en smart sal die vrou lewe skenk aan haar kinders (pyn, smart en dan ⇨ *lewe*).
- Met sweet en swaarkry sal die man daagliks brood verdien (swaarkry en dan ⇨ *brood*).

Wie haal die vonnis uit die lewe? Wie skei genade van die oordeel? Selfs toe God vir die mens velklere gemaak het, het hulle in die dood van 'n dier die ***vloek*** (dood) en die ***seën*** (klere) gesien. Toe reeds het die mens besef dat God iemand anders in die dood gaan oorgee om die vloek te dra en om aan sy kinders die lewe die seën te gee. Toe Adam sy vrou se naam verander van *"mannin"* na *"EVA"* (*moeder van al die mense*) wys hy dat hy ***die lewe aanvaar wat God gee***. *Geloof is lewensaanvaarding!* Dit gaan om lewensaanvaarding van dié lewe wat die stempel dra van God se diepgaande oordeel. Geloof let nie net op die oordeel en straf van God nie, maar ook op sy genade. Geloof bring jou dus eers by die oordeel - want hoe sal jy van verlossing kan praat sonder dat jy die sonde en die oordeel ken? *Geloof is lewensaanvaarding in Jesus*. In Hom aanvaar ons die lewe soos dit is. Hý het immers vir ons die lewe verwerf sodat ons met groot vrymoedigheid ons dagtaak kan verrig met die oë gerig op die ewigheid.


*Dr. Nico van der Merwe*

**UITBUITING VAN DIE SONDE**

Hosea (4:4 v.) preek teen die ontaarding van die priesters van Israel. Blatant verontagsaam hulle God se wil (vs. 6). Hulle teer op die volk se sonde en smag dat hulle nog meer sonde moet doen. In vers 8 is 'n merkwaardige woordspeling. *Sonde* kan ook beteken "*sondoffer*". Die teks kan ook lees: "*Hulle lewe van die sondoffer van my volk, en na dié se ongeregtigheid verlang hulle siel*". God sê die priesters moet eet van die vleis wat die volk op die altaar offer tot versoening van sondes. Die priesters soek voordeel uit die volk se sonde. Hoe meer sonde, hoe meer offers, hoe meer vleis vir hulle.

Die priesters behaal voordeel en wins uit die sonde van die volk. Net so behaal mense met pornografiese boeke, tydskrifte, videobande, wins uit die sonde van sedeloosheid. Netso verkry dwelmverspreiders winste uit mense se sondige verslawing.

Die eienaars van casino's, dobbelhuise kry winste uit die sondeneiging van mense. God wil dat ons die kwaad moet teenstaan, verhoed, oorwin; nie uitlok en troetel nie.



## VERDAGMAKERY IS SONDE

Mense praat nie net ***met*** mekaar nie, maar ook ***van*** mekaar. Vir God is dit belangrik ***wát*** jy van medemense sê. God die Heilige Gees woon in jou hart, luister na wat jy sê en is 'n *Getuie* daarvan. Wees versigtig vir ***verdagmaking***. Dis maklik om iemand se optrede en bedoelinge met `n paar woorde *verdag* en *twyfelagtig* te maak. *Verdagmaak* is om iemand se optrede of persoonlikheid *agterdogtig* voor te stel, asof die persoon net kwaad bedoel, net leed wil aandoen en van plan is om jou te na te kom.

*Verdagmaking* is *Satanswerk!*Satan maak God verdag by Eva [Gen. 3:1,4,5]. Satan maak Job verdag by God [Job 1 & 2]. Die Jode maak Jesus verdag by die owerheid [Matt. 27].

Verdagmaking is om *leuens* van `n ander persoon te vertel. En dít is satanswerk want die Satan is die vader van die leuen [Joh. 8:44].

Wie `n ander persoon verdagmaak speel in die hande van die Satan. Die *"storie"* die *"feite"* van die verdagmakers rus *nooit* op die waarheid nie!! Verdagmakery is leuens en *hoorsê*!

- Mense wat ander verdagmaak wil `n sekere *stemming* wek wat hulle eie twyfelagtige standpunte moet ondersteun.
- Mense wat ander verdagmaak het nie `n goeie saak nie, want hulle saak kan nie op `n openlike, eerlike manier bevorder word nie.
- Sodra verdagmakery, onderduimsheid, knoeiery, agterbaksheid, skelmstreke, vuilspel nodig is om jou saak te propageer, *het jy geen eerlike saak nie.*

Elke eerlike en opregte standpunt kan met eerlikheid volgens die reëls gedy solank dit die waarheid dien en daarop gemik is om die Naam van die Here tot eer te strek. Wees dus waaksaam hoe jy van ander mense praat. Jy moet opbou in wat jy sê en nie afbreek nie! Jy moet in jou woorde God dien en nie Satan nie.

dr Nico van der Merwe



**SUSTERSVERGADERING - 11 APRIL 2012**
**18:30 IN DIE KERKSAAL**



Al die susters word vriendelik uitgenooi na 'n "High Tea" Woensdag 11 April 2012, en vir hierdie geleentheid moet elkeen asseblief 'n hoed ophê! Kunstige susters sal van hul handewerk by hierdie geleentheid uitstal, en ander sal ons vermaak met hul talente.
Almal baie welkom!
[Sameroepster vir April: Santie v.d. Westhuizen]

## SEEKAMP

Klasses Suid-Vrystaat en Karoo-Kei bied weer hulle jaarlikse see kamp aan vanaf 30 Maart 2012 tot 3 April 2012. Ons vertrek op die 30ste om 12:00 vanaf die Gereformeerde Kerk Bloempark en volg dan die N6 roete tot in Oos-Londen waar ons by "Lekkeroord" sal tuis gaan. Tema: Hey, wat's jou storie? Koste: R870 = sluit vervoer verblyf en etes in (Indien jy in die Oos-Kaap bly en met eie vervoer soontoe gaan, is die kostes net R480)
Ons gaan ook twee spesiale spanbou pogings aanbied wat op die oomblik blyk kajak vaar en snorkel te wees.
Hendrik Stoltz Tel. 051 522 7166 Sel. 083 280 2091
hjstoltz@telkomsa.net Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suidheuwels

## WWESSKAMP

Werkende Wesens en Senior Studente, met ander woorde, jong mense wat reeds uit die skool is. Hierdie kamp word jaarliks in die Drakensberge naby die Drakensberg se Seunskoor gehou. Hierdie jaar is dit 26-29 April en die tema is: "Liewer dooie Jan is bang Jan. Die strekking hiervan is, wat bepaal jou optrede, vrees of die liefde en teenwoordigheid van die Here in jou lewe.
Almal is baie welkom. As jy meer inligting wil hê skakel my by 082 975 2745 of stuur 'n e-pos na apdejager@gmail.com

## LIEF EN LEED



- Ons hartlike gelukwense gaan aan ***Tina Stols en haar jongste dogter, Anneke***, wat op 27 Maart die honneursgraad in Sielkunde ontvang. Sy het die graad met onderskeiding geslaag. Sy werk tans met 'n outistiese seun, en doen aansoek om haar meestersgraad te doen. Ons dink ook aan die gesin as hulle op dieselfde dag, 27 Maart, die verjaardag herdenk van Tina se pa en Anneke se oupa, oorlede oom (ds.) Kosie Smit. Mag die Here steeds aan julle sy vertroosting gee (Wyk 25 ☎ 018-468-7058).
- ***Riana White***, wat onlangs 'n nek-operasie ondergaan het, herstel mooi en ondervind nie meer pyn nie. Sy moet nog sowat drie weke lank 'n nekstut dra. Ons bid haar volkome herstel toe
- (Wyk 25 ☎.082-924-9131).
- ***Hettie Cunningham*** sukkel met griep. Ons vertrou dat sy binnekort weer heeltemal gesond sal wees (Wyk 5 ☎ 018-464-1789).
- ***Adriaan de Jager*** herstel vinnig. Hy het nog maar baie seer, maar hy lyk elke dag beter. Hy is Vrydag uit die hospitaal ontslaan. Ons is die Here innig dankbaar vir Sy genade ook die afgelope tyd (Wyk 8 ☎. 0178-468-6877).
- Ons dink in hierdie dae aan ***Kobus en Bettie Pieterse*** wie se seun ***Frikkie*** verlede jaar met kanker gediagnoseer is. Hy het ‘n operasie ondergaan maar hierdie week is vasgestel dat die kanker versprei het. Frikkie is hierdie week in Wilmed opgeneem en ons bid hierdie gesin die onderskraging en troos van die Heilige Gees toe (Wyk 6 083-283-9991).
- Nuwe intrekkers –
- ***Jaco en Jani Smith*** met dooplidmate Elani en Le Roux het vanaf die GK Wonderboompoort in wyk 1 ingetrek. Hulle woon in Cussonia Village 6, Swartstraat, Oudorp. Van harte welkom!

Enige lidmaat wat foutiewe inligting in die geel boekie vind moet asseblief die korrekte inligting onder ons aandag bring. Lyste is by die hoofdeur, orreldeur en konsistorie waar korrekte inligting aangeteken kan word. U samewerking word opreg waardeer.
Groete, Hennie



## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**BEROEPE ONTVANG**

- Ds. PC van Rooy van Komatipoort na Elandskraal.

**BEROEPE AANVAAR**

- Ds. G Opperman van Brits-Wes na Matlabas.

**BEROEPE BEDANK**

- Ds. TF Dreyer van Randburg na Boksburg-Suid.

## VRYWILLIGERS BENODIG

- As u belangstel om op 'n gereelde basis **HOSPITAALBESOEK** te doen, meld asseblief aan by ds. Andrè de Jager.

## SUSTERS SOEK NA LEPELS

Vier opskeplepels van die Susters is tans soek. 'n Vriendelik versoek dat u asb. sal oplet of dit nie dalk per ongeluk tussen u lepels beland het.
Baie dankie!

## GEMEENTE-AKSIE 20 & 21 APRIL 2012

Lidmate word gevra om ***Vrydag 20 en Saterdag 21 April 2012*** op hulle kaleder af te merk vir 'n ***spesiale Gemeente-aksie***. Volledige besonderhede sal na die vakansie bekend gemaak word!
Die aksie sal by die ***kerkgebou*** plaasvind.

***PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK***

*Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk*

*Skakel Corrie Botha 083 429 4824*

## KOLLEKTES

| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 25 Maart | Barmhartigheid | Trans Oranje Instituut |

## GEMEENTEPROGRAM

Sondag 25 Maart tot Saterdag 17 Maart 2012

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 25 Maart | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 25 Maart | Katkisasie les 7 | 10:30-11:00 |
| Sondag 25 Maart | Aanddiens | 18:00-19:00 |

## TEESKINKBEURTE

| | |
|---|---|
| Sondag 25 Maart 2012 | Wyke 10 & 11 |

## VERJAARDAE


25 Maart 2012 tot 14 April 2012

| | | | |
|---|---|---|---|
| 26 Mrt. | **Jan Louis Venter** | *Wyk 02* | **076-310-2513** |
| 27 Mrt. | **Ilsa Jansen** | *Wyk 09* | **082-324-7544** |
| 27 Mrt. | **Louise Venter** | *Wyk 02* | **076-310-2513** |
| 28 Mrt. | **Pieter Aucamp** | *Wyk 15* | **076-111-7111** |
| 28 Mrt. | **Ronel de Klerk** | *Wyk 12* | **072-436-0435** |
| 29 Mrt. | **Gert Curtin** | *Wyk 17* | **018-468-1372** |
| 31 Mrt. | **Marie du Plessis** | *Wyk 11* | **018-468-5295** |
| 31 Mrt. | **Lené Roos** | *Wyk 07* | **084-205-4525** |
| 01 Apr. | **Magda van der Walt** | *Wyk 07* | **018-464-2622** |
| 02 Apr. | **JJ Jansen van Vuuren** | *Wyk 18* | **083-557-9735** |
| 04 Apr. | **Ds. André de Jager** | *Wyk 08* | **018-468-6877** |
| 04 Apr. | **Gerda Olivier** | *Wyk 23* | **082-318-4340** |
| 04 Apr. | **Rachel Roffey** | *Wyk 15* | **018-468-1633** |
| 04 Apr. | **Kobus Steenkamp(Jr.)** | *Wyk 20* | **084-548-8004** |
| 04 Apr. | **Wilna van der Merwe** | *Wyk 15* | **018-468-2614** |
| 05 Apr. | **Petra Swanepoel** | *Wyk 17* | **018-468-8096** |
| 06 Apr. | **Marunelle Hitge** | *Wyk 07* | **018-468-1178** |
| 06 Apr. | **Pieter Lindeque** | *Wyk 27* | **082-946-0812** |
| 07 Apr. | **Reinhardt Hitge** | *Wyk 07* | **018-468-1178** |













| | | | |
|---|---|---|---|
| 09 Apr. | **Gerhard de Bruyn** | *Wyk 02* | **018-468-2886** |
| 09 Apr. | **Annabelle White** | *Wyk 25* | **018-468-3820** |
| 11 Apr. | **Frikkie du Plessis** | *Wyk 16* | **018-468-3305** |
| 11 Apr. | **Gerrit J van Rensburg** | *Wyk 12* | **083-675-6118** |
| 11 Apr. | **Jolanda Smit** | *Wyk 11* | **018-468-7976** |
| 11 Apr. | **Jan Hendrik vd Walt** | *Wyk 26* | **082-576-1725** |
| 12 Apr. | **Mollie Daffue** | *Wyk 08* | **018-468-3468** |
| 12 Apr. | **Kobus van Jaarsveld** | *Wyk 02* | **082-925-8610** |
| 14 Apr. | **Chris J van Vuuren** | *Wyk 10* | **018-468-7954** |

Hartlik geluk met julle verjaardae al die lidmate wat in die vakansieperiode verjaar. Mag die Here julle sy seën gee.



**EREDIENS GOEIE VRYDAG 6 APRIL 2012**

Op Goeie Vrydag, Vrydag 6 April 2012, DV, is daar 'n gesamentlike erediens om ***08:00*** in die ***Gemeentesentrum van Klerksdorp***.

## MARTELAARSGEBED



Van 'n vrou in die VORKUTA-gevangenis in Siberië is die volgende gebed opgeteken:

"O God, wil tog ag gee op
al my lyding,
my vermoeienis,
my vernedering,
my trane, my honger en koue
en al die bitterheid van my siel.

Liewe Here, ontferm u oor hulle wat ons dag en nag vervolg en martel.
Skenk ook aan hulle die Goddelike genade om die heerlikheid en
vreugde van u liefde te mag ken."